*Vrydag* **21 Februarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 66:8-15 (AFR33/53)**
**Fokusgedeelte: Psalm 66:8-15**

**’n Derde *Sela***

*Sela* is ’n musiekterm. Dit beteken dat die orkes vir ’n oomblik moet ophou speel. Die koor moet ook vir daardie oomblik stilbly voordat die volgende vers gesing word. *Sela* dwing ’n mens om mooi te dink oor wat so pas gesing is.

In die eerste sewe verse van Psalm 66 is daar twee *Selas* – na vers 4 en na vers 7. Vers 15 eindig met ’n derde *Sela*. Kyk wat gaan aan die derde *Sela* vooraf. Waaroor moet ons nadink voordat ons die heel laaste strofe van hierdie besondere loflied sing?

’n Gelowige word nie gespaar van swaarkry nie. God toets sy kinders. Hy louter ’n mens soos wat ’n mens silwer louter. Dis swaar om getoets en gelouter te word. Petrus beklemtoon dit in sy eerste brief (1 Pet. 1:3-9). Dit maak seer – fisies sowel as geestelik – as ’n mens deur die smeltkroes van die hemelse Vader se tugtiging gaan (Heb. 12). Maar dit is nodig. Langs die pad van beproewing word die geloof versterk.

Wat moet die gelowige doen as die Vader ons tugtig? Psalm 66 verwys na geloftes wat betaal en brandoffers wat gebring word. In tye van nood roep ons na God. Ons smeek Hom om te help en te red. Ons maak geloftes. Ons belowe verbetering en maak reg wat verkeerd is. Ons bring offers. Geen brandoffers meer soos wat dit in die Ou Testament gedoen is nie. Ons pleit op grond van Christus se offer vir volkome vergewing van al ons sondes.

En dan? Dan volg die derde *Sela* aan die einde van vers 15. Vir ’n derde keer word ons gedwing om stil te word en diep na te dink oor alles wat God in ons lewens doen. Hy tugtig ons. Hy vergewe ons in Christus. Hy bring herstel. Is dit alles vanselfsprekend? Glad nie. *Sela*. Oorweeg en bereken die grootheid van God se genade in jou lewe.

Dit gebeur so maklik in die lewe van ’n gelowige dat die glans van die evangelie van verlossing dof raak. Ons is so gewoond daaraan om te hoor dat daar om Christus wil volkome versoening vir al ons sondes is. Moenie dat dit té gewoon raak nie. God se verlossing bly ’n wonderwerk – dié groot wonderwerk waaroor ons nie genoeg kan dink én dank én sing én God aanbid nie.

*Sing: Psalm 66-1:6*

*Dr. GJ (Gerard) Meijer (Oos-Moot)*